



# Kleurryke Kosterfamilie

Uittreksel uit 'n dokument ter viering van die 150ste bestaansjaar van die NG Kerk Montagu (1854 – 2004)




**Barend Christiaan van Deventer (1919-2000) Oom Ben Koster son of Jacobus Petrus van Deventer (1876-1945) & Magdalena Johanna Badenhorst (1881-1924)...**

Die pos van koster is sekerlik een van Montagu-gemeente van die NG Kerk se mees prominente poste en in sy 150-jarige geskiedenis is Montagu se NG Kerk verryk deur die dienslewering van die Van Deventer-familie.

In 1931 neem Koos van Deventer die kerk se sleutels amptelik oor by mnr. Kriel. Dit was die dae voor elektrisiteit en begrafnisondernemers. Die koster moes dus nie net sorg vir die netheid van geboue en gronde nie, maar moes ook die kerk se lampe aansteek vir lig. Daarmee saam moes daar ook gesorg word dat die kerk se stalle skoon en netjies is, want in daardie dae het mense nog met kar en perde na die erediens gekom. Met begrafnisse moes die koster die liggaam uitlê en ook die lykswa, wat 'n kar en perde was, hanteer.

Met Koos Koster (min mense het sy van as Van Deventer geken) se aanstelling in 1931 het daar 'n ryke stuk geskiedenis in die Montagu-gemeente ontstaan. Hy het die amp 21 jaar lank beklee en is opgevolg deur sy seun Ben wat die amp 52 jaar lank beklee het. Ben het as dertienjarige kind reeds sy pa gehelp met die lui van die klok, oopsluit van die kerk en aan die grafte in die kerkhof help bou. Daar is bereken dat Ben Koster in sy loopbaan die kerkklok ongeveer 15 000 keer gelui het.



Oom Ben Koster (Van Deventer) is gebore in die huis op die hoek van Lang- en Barrystraat.

Daarna verhuis hulle na Badstraat (waar Montagu Groentemark nou is), toe na Kerkstraat 9 en later na die hoek van Langstraat en Rosestraat (waar Norman King gewoon het). In 1937 verhuis hulle na Joubertstraat 4 waar sy suster vandag, September 2022, steeds woon, in 'n huis met baie geskiedenis en waar 'n legio staaltjies vertel kan word.



*Oom Ben se huis, Joubertstraat 4*

Oom Ben se kinderjare was propvol pret! Hy vertel dat Lintveltstraat bekend gestaan het as die Sandpad en daar is ure omgespeel. Hy het op die ouderdom van 5 jaar sy skoolloopbaan begin en op 12 jaar is hy na St. 6.

By die leraars van daardie tyd het hy bekend gestaan as kostertjie – wat toe al 'n eretitel was.

Hy het sy pa, wat koster was, gehelp en op 13-jarige ouderdom vir die eerste keer die kerkklok gelui. Sy pa was 20 jaar koster en op 1 November 1945 het Oom Ben oorgeneem ná sy pa se dood.

Baie dinge het verander van daardie tyd tot nou (2004). Die kerk het bv. winter en somer 10:30 soggens begin. Sondagmiddag 15:45 dan moet die kerkklok gelui word vir Sondagskool.

Sitplekke in die kerk kon gehuur word teen 3/6 (35c) per jaar. Banke het nommers gehad sodat jy die bank vir jou gesin kon huur. Met Nagmaal het almal wat Nagmaal gebruik onder gesit – mans en vroue apart. Hulle het net Nagmaalbekers gebruik – geen kelkies nie.

Vroeër jare moes Oom Ben self die begraafplaas skoffel. As hy iemand gevra het om hom te help, moes hy 2 sjielings betaal, wat hy nie gehad het nie. Die name van almal wat begrawe word, is in 'n boek aangeteken, maar net Oom Ben het presies geweet wie is waar, en wie moet waar kom. In daardie jare het hulle 6 ysterpale om die graf geplant en met klappertou toegespan en net die familie mag tydens die begrafnis daar ingekom het. Die koster het voor die stoet na die begraafplaas uitgestap. As ons al die eredienste in berekening bring waarvoor Oom Ben al die klok tydens hierdie 50 jaar moes lui, is dit ± 15 000 keer al deur hom gedoen. Die oom spot en sê die klok begin al self te lui wanneer hy Sondae om die kerk se hoek gestap kom!

Hy het al saam met 16 predikante gewerk, waarvan ds. Louw die eerste was.

Vir menige bruidegom moes hy die konsistoriedeur oopmaak en dieselfde konsistoriedeur oopmaak vir doop.

Om koster te wees, is vir Oom Ben 'n beroep wat hy met liefde en waardigheid doen.

Aan aftree dink hy nie, maar hy wil graag sy pa se termyn van 20 jaar verdriedubbel.

Ben se amptelike aanstelling kom op 1 November 1945.

Alhoewel Ben graag na skool by die Polisie wou aansluit, werk hy eers by die Jood Abramowitz as winkelklerk.

Daarna word hy aangestel by Brinks se winkel as assistent voordat hy die taak van koster by sy pa oorneem.

Met Ben Koster aan die roer van sake was die Ned. Geref. Kerk Montagu nooit weer dieselfde nie. Baie mense en veral die dominees het deurgeloop onder die poetse wat hy vir hulle gebak het. Hy was 'n man met 'n goeie humorsin, 'n deemis vir mense en iemand wat veral gehou het van tuinmaak. Uit sy groentetuin het hy graag uitgedeel vir hulle wat nie so bevoorreg was nie.

By geleentheid besluit die kerkraad dat daar 'n plan gemaak moet word met die kinders wat tydens die erediens buite wag vir die Sondagskool en nie die dienste bywoon nie.

Daar word besluit dat 'n ouderling die volgende Sondag tydens die diens sal opstaan en die kinders sal gaan haal om hulle “in te marsjeer in die diens in”. Tydens die eredienste het Oom Ben die gewoonte gehad om soms op te staan om 'n deur of venster te gaan toemaak. So het hy weer die dag gemaak, met die gevolg dat toe die ouderling deur die dominee uitgestuur is om die kinders te gaan haal, daar niemand buite was nie. Nodeloos om te sê dat iemand die kinders gewaarsku het om hulle die verleentheid te spaar.

Oom Ben het ook nie omgegee waar en wanneer hy iemand 'n poets bak nie. Met 'n kinderdiens wat ds. Van der Lugt aangebied het, reël hy dat oom Ben op 'n sekere punt in die diens 'n klokkie moet lui vir 'n sekere effek. Natuurlik het daar niks gebeur nie totdat ds. Van der Lugt later moes vra dat hy die klokkie lui. Daarna het die klokkie natuurlik 'n paar keer baie ontydig gelui sodat ds. Van der Lugt moes bontstaan om sy boodskap tuis te bring.

Op 1 November 1997 neem die gemeente na 52 jaar afskeid van die Van Deventer verbintenis aan die kosterpos. Oom Ben moes weens siekte die tuig neerlê en so eindig 'n era van 73 jaar. Na Oom Ben se aftrede en latere afsterwe in Augustus 2000 het die gemeente die pos uitgekontrakteer.

Van die NG Gemeente Montagu – Baie dankie, Oom Ben, vir 50 jaar se getroue diens en sterkte vorentoe!

--oOo--

## WIE OF WAT IS 'N KOSTER?

Deur Anelma Kriel-Oosthuizen

Klem op die Koster van die Montagu NG Kerk

Die koster van die NG Kerk op Montagu was meneer Ben van Deventer (Ben Koster) vanaf November 1945 tot Junie 1997, 'n tydperk van 52 jaar.

**Definisie van koster**: In Latyn bestaan die woord vir koster as custos. Dit beteken *guardian*, *watchman, keeper*, *attendant*, 'n *Custodian* is 'n bewaarder en opsigter en as artikels of geboue in *custody* is, word dit in bewaring gehou, opgepas.

In Afrikaans: bewaarder, oppasser, beskermer, selfs voog of kurator. Daar is baie Engelse woorde vir koster, nl. *church warden*, *beadle*, *sexton*, *sacristan* en *verger*. Dus beklee 'n koster 'n baie spesifieke, verantwoordelike beroep. So was daar deur die eeue altyd 'n koster by 'n kerk; hetsy Rooms, Anglikaans, Metodis, Presbiteriaans, Apostolies, Hervorm, Gereformeerd of NG en meer.


Meneer Ben van Deventer (Oom Ben Koster vir my) het as jong man eers by Abramowitz se winkel gewerk en later by Brink se winkel. Ná sy pa, wat die koster van die Montagu NG Kerk was, se dood, is Ben as die koster aangestel. (Ek dink hy was so 24 jaar oud.) Nadat hy reeds 11 jaar die koster was, het die kerkraad, eers in 1956, vir die eerste keer 'n dokument opgestel wat sy pligte beskryf het. Wat in die dokument gestaan het, weet ek nie. Ek skryf uit my perspektief as kind en jongmens op Montagu.

Hier volg nou my herinneringe aan (vir my) Oom Ben van Deventer (Ben Koster) en sy diens aan die NG Kerk. Hy het aan al die eienskappe van 'n koster voldoen: opsigter, bewaarder, bewaker, beskermer van die kerkeiendom, wat ingesluit het die kerkgebou, die kerkterrein, die kerkklok, die kerksaal en die terrein daar plus die twee kerkhowe; vandag genoem begraafplase (begrawe, begraaf met 'n graaf, en nie begrafplaas nie). Die woord kerkhof kom uit die Nederlands en het verwys na die begraafplek in die nabyheid van die kerk. Vroeër was daar binne die kerkterrein, ook op Montagu, begrawe. Die twee begraafplase moes gereeld skoongeskoffel word, dooie blomme en vuilgoed moes verwyder word. Meneer Viljoen het gehelp met Ben se kerkwerk, soms ook meneer Japie Roux (Polka).



Die eerste plig van die koster is om die predikant(e) by te staan in hul werk, te sorg dat die kerkgebou oopgesluit en toegesluit word, die kanselklede vir verskillende geleenthede deur die kerkjaar op die kansel aangebring word, die kanselbybel op sy plek lê, die kanselvloer reggestel word volgens die lengte van die predikant. As die predikant baie kort was, sou sy kop skaars bokant die kanselbybel sigbaar wees as die vloer nie hoër gestel was nie. (Montagu se NG Kerk se kanselvloer kan hoër of laer gestel word.) Ook moes die glasie water op die kansel staan.

Voor die diens moes die koster by die predikant die psalms en gesange se nommers kry sodat hy die letters en syfers op die verskillende borde in die kerk kon aanbring. Die borde was so geleë dat die gemeentelede vanwaar hul ook al gesit het, dit kon lees om na te slaan in hul gesangboekies. Elektroniese borde het eers baie later gekom.



*Montagu se NG Kerk*

Foto: Facebook Rian Fourie

Vir elke diens, hetsy die Sondagdiens of 'n troue of ‘n begrafnis, het Ben (Koster) sy spesifieke sitplek gehad: in die kort bankie, heel voor in die oos-vleuel van die kerk, net langs die kansel, naby die konsistoriedeur.

Voor elke diens moes Ben sorg dat die kerk skoon is, afgestof, matte gesuig of geborsel; ook in die konsistorie. Kollektebordjies moes op hul plek staan; gereed vir die diakens, wat op 'n sekere tyd, gedurende die diens, die gemeente se kollekte moes insamel. By sommige sitplekke was 'n gehoorapparaat vir persone wat erg doof was. Ben moes sorg dat dit werk.

Of die orrelis (daardie jare mevrou Lily Anderson) self die orrelsleutel gedra het, weet ek nie; andersins was dit ook die koster se plig om die orrel oop te sluit. In die vroegste jare van kerkwees, was dit ook die koster (*sacristan*) se plig om die musiek vir die koor te kopieer. Heel vroeg seker met die hand. Die koorboeke was sy verantwoordelikheid.

Ek dink in die Roomse kerk en die Anglikaanse kerk is die koorboeke steeds die koster se verantwoordelikheid. Sover ek weet, in die NG Kerk sorg die orrelis daarvoor.

Voor elke kerkdiens, troue of begrafnis moes die koster eers die hekke en deure oopsluit, vensters, waar nodig, oopmaak en daarna die kerkklok lui. Ben Koster het presies geweet hoe

om die klok vir verskillende geleenthede te lui. Vir 'n gewone Sondagdiens was daar drie tye om te lui. Een uur voor die diens begin, ŉ halfuur voor die diens en dan 'n derde gelui (net 'n kort geklingel) vyftien minute voor die diens begin. Dan moes die kerkgangers hulle haas as hulle nog nie binne die kerk was nie.

Vir 'n begrafnis het Ben die klok stadig laat lui, moeisaam: klaaaang! klaaaang! Vir 'n troue het die klok vinnig gelui, aanhoudend: klieng-klang, klieng-klang, klieng-klang! Op Oujaarsnag, net voor 12 uur, het Ben die klok stadig gelui, traag en uitgerek: klaaaang, klaaaang! Sodra die nuwe jaar aanbreek, het Ben die klok laat jubel: klingel klingel klingel; die Nuwe Jaar in.

Ben het naby die kerk in Joubertstraat, onderkant die Kindertuinskool, gewoon. Hy het presies geweet hoe laat hy van sy huis af moes stap om presies op die regte tyd die klok te lui. My ouers se huis was een huis van die Van Deventerhuis af. Ons het Ben gereeld om die hoek van Joubertstraat en Bloemstraat sien kom; altyd op 'n drafstap, veerkragtig, vinnig, doelgerig. Sy groot, swart hond was meestal by en later sy foksterriër. Eers met die terugstap het hy gepraat of 'n geselsie aangeknoop.

ŉ Koster moet ook steurnisse uit die kerk hou. Dikwels het Ben probeer om, tydens 'n diens, 'n hond uit die kerk te verwyder. Wanneer daar dalk 'n steurnis, gewoel of gegiggel op die seunsgalery (wes-galery) ontstaan het, het die koster gaan kyk wat aangaan. Ek weet nie of die koster ooit ongewenste, rumoerige, luidrugtige persone uit die kerkdiens verwyder het nie. Moeders met huilende babas het vanself die diens verlaat. Eers baie later is 'n moederskamer ingerig.

Hy moes ook sorg dat ongediertes soos rotte en muise nie die kerk binneval nie. Vandag se koster sal seker kan getuig van selfoonsteurnisse of 'n gesukkel met klankapparaat wat nie wil werk nie.

Vir Nagmaal moes Ben sorg dat die Nagmaalservies skoongemaak word, die glasies vir die wyn in die gaatjies by die banke geplaas word. Die Nagmaaltafel moes voor die kansel geplaas word en voorberei word. Hy het sekerlik helpers gehad wat die brood in klein blokkies gesny het en op silwer borde geplaas het. Die wynglasies, by die banke, moes gevul word. (Later jare, seker na Ben se tyd, het dames van die kerkraad gehelp.) Ná die Nagmaaldiens moes die glasies weer gekollekteer word, gewas, getel en gebêre word. So ook die res van die servies.

Wanneer daar babas gedoop is, moes Ben sorg dat die doopvont voor die kansel gereed staan. Ek dink die water in die bak was warm of dan lou teen die tyd dat die doop begin het. Ek onthou Ben het van sy huis water kerk toe geneem in 'n wit porselein rondemaag beker. Party ouers het spesiale Jordaanwater uit Israel laat gebruik en dit moes met die predikant en koster gereël word. Tydens die doop het Ben altyd gesorg dat die kinders (soms 'n oupa of 'n ouma) wat die babas moes indra vir die doop, by die wes-vleuel se konsistoriedeur uit loop, die babas afgee en aanloop na die oos-vleuel en dan daar wag om weer die babas terug te dra deur die oos-vleuel se konsistoriedeur.

Indien blomme voor die kansel geplaas moes word, moes dit met die koster gereël word om die hek en die kerkdeur oop te sluit en weer toe te sluit. Dit was gewoonlik die konsistoriedeur en die hek daar. Dit was ook sy plig om 'n kateder voor die kansel te plaas indien nodig.

Tydens 'n begrafnisdiens het Ben by die oos-vleuel se konsistoriedeur uitgekom en die familielede uit die konsistorie die kerk ingelei en die gemeente gevra om op te staan. So was dit met my pa se begrafnis in Oktober 1971. (Deesdae doen die begrafnisondernemer dit.) Dan het Ben in sy kort bankie, heel voor in die oos-vleuel, langs die kansel, gaan sit. Ná die

diens het Ben weer die gemeente gevra om op te staan en dan het hy die familie uitgelei na die konsistorie. (Later loop die familie deur die oos-vleuel se portaal die kerk in (my ma se begrafnis April 2004) ná Ben se dienstyd.) By die kerkhof het Ben voor die lykswa gestap en die stoet (familielede wat agter die lykswa stap) na die graf gelei.

Begrafnisse moes met die koster gereël word. Hy en sy werkers was verantwoordelik vir die grawe van die gat en die uitmessel daarvan, ook die toegooi ná die verrigtinge in die kerkhof afgehandel is. Ben het 'n register gehou van elke graf se nommer. Ek dink die register kom nog van sy pa se kostertyd, want ons het my Le Roux-grootjies se onopgemaakte graf nagespoor uit Ben se register.



*Oom Ben (agter) doen diens by my Pa se begrafnis 1971*

Ben (Koster) moes sorg dat die kerk of die kerksaal se ligte brand wanneer nodig. Toe sy pa koster was, moes hy seker gaslampe aansteek. Montagu se NG Kerk het in 1931 elektriese ligte gekry. Die kerksaal met sy meubels was ook in Ben se sorg. Toilette moes aandag kry en krane moes toe wees wanneer nie in gebruik. Dit wil my voorstaan dat 'n kraan in die kerksaal eenkeer oopgelaat was en van die Sondagskool-vertrekkies het oorstroom. Ek weet nie of dit in Ben se tyd was nie.

Soms was die kerk met Nagmaal so vol dat stoele ingedra moes word. Ben moes sorg dat stoele betyds, die vorige dag al, in die portale opgestapel word. Die stoele het seker uit die konsistorie en kerksaal gekom. Nagmaal was 'n groot gebeurtenis met 3 dienste; Saterdagaand voorbereidingsdiens, Sondagoggend Nagmaal en Sondagmiddag nabetragtingsdiens. Die koster moes dus bontstaan om alles betyds in plek te kry. Die kerk was dan so vol, dat ten spyte van ekstra stoele, mense op die galerye se trappe gesit het. Daar was vroeër 2 dienste per Sondag; oggenddiens en aanddiens. Die aanddiens is later afgeskaf.

Bowenal moes Ben soms die kerkhorlosies opwen. Dit het soms gaan staan. Dan moes Ben in die toring opklim om by die horlosies te kom. Ek weet nie hoeveel trappe daar is nie, maar dis baie. Hy het beslis nie aan hoogtevrees gely nie.

Kleiner herstelwerk aan die kerk of kerksaal is ook deur Ben en sy werkers gedoen, bv. verf of pleister of die vensters se toue herstel.

Ben het in 52 jaar met baie predikante saamgewerk. Somtyds het hy grappe ten koste van hulle gemaak. Ek sluit af met 'n staaltjie wat Ben persoonlik aan my ouers vertel het. Dit speel

af in ds. Danie Malan se tyd. Ds. Malan het in Joubertstraat se pastorie gewoon. Oom Japie Roux (Polka) het eendag baie siek gevoel en was grieperig. Ben beveel toe aan brandewyn, suurlemoensap en 'n pil of twee. Oom Japie wil toe weet waar om brandewyn te kry, want dis duur. Ben beveel toe aan dat hy vir ds. Danie Malan gaan vra, want hy het gesien dat brandewyn die vorige dag by die pastorie afgelaai word; dat ds. dit onder sy bed wegsteek. Oom Japie het so gemaak en toe ds. verbaas vra waarom hy vir hom kom brandewyn vra, was oom Japie se antwoord dat Ben hom gestuur het en gesê het ds. het brandewyn wat hy onder sy bed wegsteek. Ds. het glo net sy kop geskud en gesê dis weer Ben se streke. Ds. het Ben later voor stok gekry.

Ben van Deventer (Ben Koster) het die grootste deel van sy lewe aan diens aan die NG Kerk Montagu gewy. Dit het hy met passie en toewyding gedoen. Sy swart hare het later spierwit en lank geword sodat hy soos 'n profeet van ouds gelyk het. (Dink aan Prediker 12.)

Dis nou 22 jaar ná Ben (Koster) se diens. Kosters ná hom kan gerus nou hul pligte in 'n digitale kerkwêreld beskryf.

--oOo—

Extract from the writings of Babsie van Zyl, past resident of Montagu

Submitted by Irma Jordaan

BEN KOSTER

Sy pa het gesê gedurende die Anglo-Boereoorlog het die kommandant van die Engelse magte sy kantoor in die ou Poskantoor (Kerkstraat) gehad. Van hom moes hulle ‘n permit kry om iewers heen te gaan.

Waar die nuwe kerkhof en Brinks se fabriek nou is, was die ene tente van die Engelse soldate.

Hulle het hier deurgetrek agter Scheepers aan.

Ben self het in die nuwe kerkhof Mauser-patrone en ‘n soldaat se neknommer (nr 103) – met ‘n gaatjie deur vir ‘n ketting om dit om die nek te hang - opgetel.

His father used to tell people that during the Anglo Boer War the Commandant of the English forces had his offices in the old Post Office (Church Street). You had to go there to obtain a permit if you wanted to go anywhere in the area.

Where the new churchyard and Brinks factory are now, used to be covered by the English tents.

They came through here in pursuit of Scheepers.

Ben himself picked up Mauser rounds and a soldier’s neck tag (no 103) in the new church yard. The tag had a hole through which the chain could be thread.

(Montagu was under Martial Law which limited the movement of its residents.)

--oOo—

**Johan van Staden wat familie in Montagu gehad het, onthou (01/2023)**: Montagu was sedert my kinderdae my gunstelingdorp. Ek onthou die opgewondenheid as ons deur die Koo kom en die dorp kom al nader. Daar is ook nie ŉ straat wat ek nie deurkruis het nie. Ons het graag in die aande verskillende strate verken. Ongelukkig ken ek niemand meer daar nie, dus was ek in 2015 laas in Montagu.

Die video wat ek op Facebook geplaas het was die volledige video. Jy kan dit met graagte plaas. (Die video is saam met hierdie pos.)

Ek het die mooiste herinneringe aan oom Ben. Vandat ek ŉ klein seuntjie was, het ek Sondae as ons in Desember by ouma Drieka de Bod in Buitekantstraat gekuier het, graag afgeloop kerk toe om te sien hoe hy die klok lui. So het ek en hy ŉ band begin bou. Later op hoërskool en toe op universiteit, het ek by ŉ hele paar geleenthede self die klok gelui. Hy skuld my nou nog ŉ antwoord op ŉ vraag wat ek hom gevra het. Hy het altyd eers die kerk ingekom as ds. Van der Lucht of ds. Gouws al hier by die wet lees was en dan het hy op die voorste bank aan die diakens se kant gaan sit. As ons ŉ gesang sing, het hy opgestaan en om die draai gestaan tot die gesang klaar was en dan weer gaan sit. Na die preek het hy die kerk verlaat. Hy het my nooit geantwoord oor waarom hy dit doen nie. Ouma het altyd gesê dat hy die deure weer gaan oopmaak het.

Die video was in die jaar wat hy 50 jaar die koster was. Ek kan myself skop dat ek nie die jaartal gegee het nie, want nou kan ek glad nie meer onthou wanneer dit was nie.

Ek het gereeld by hom by sy huis besoek afgelê. Hy het die mooiste antieke meubels gehad. Ek kon ure na hom luister soos wat hy die stories oor Montagu en sy mense vertel. Baie van die staaltjies onthou ek vandag nog.

Ek was by oom Ben toe hy al bedlêend was en sy suster na hom gekyk het. Dit was nie baie lank daarna dat ouma laat weet het, hy is oorlede. Volgens my opinie was hy ŉ groot baken in die geskiedenis van Montagu se kerk.

*Hier is so ŉ paar staaltjies wat ek nou so vinnig kon onthou. Ek hoop dit kan help. As ek aan nog dink, sal jy weer van my hoor. Oom Ben het ŉ geweldige indruk op my gemaak en al is hy al soveel jare oorlede, onthou ek hom nog baie goed en het dikwels deur die jare aan hom gedink.*

**Die jong Ben Koster**

Volgens wat ek kan onthou, het hy my vertel dat sy pa die koster was. Dikwels het hy, as jong seun natuurlik, sy pa by die kerk gaan help. Toe sy pa nie meer kon nie en later sterf, het die kerkraad hom gevra om as koster aan te gaan. Dit was diens wat hy 50 jaar verrig het.

Met sy eerste Nagmaal het een van die hoogeerwaarde kerkraadslede na hom gekom en gevra: "Boetie, weet jy hoe om die heilige Nagmaal voor te berei?" Nou dit was in die dae toe mense nog banke gekoop het. Waarop oom Ben hom toe geantwoord het: "Broer, ek het spesiaal ŉ paar snye brood en ŉ bottel wyn onder jou bank weggesteek."

**Die klokke van Montagu**

Soos ek gesê het, ek het baie Sondae vroeg afgestap kerk toe om te gaan kyk hoe oom Ben die klok lui. Meeste kere het ek hom langs die pad gekry met die kerksleutels wat aan ŉ ketting hang. Dan het ons die moederskamer se deur oopgesluit, die sleutels agter die deur gehang, om dan al die ander deure oop te sluit. (Die ander deure se groot sleutels het in die slotte gebly.)

Dan word dit tyd om die klok te lui. Hy sou afstap, die tou in sy hand neem en trek. Die volgende oomblik begin die klok lui en jy hoor hoe eggo die klank van die klok teen Langeberg en Kanonkop. As hy klaar gelui het, het hy altyd gesê: "Die klok sê kom kerk toe,

kom kerk toe." As die destydse Sendingkerk se klok lui, dan sê hy die klok sê: "Laat staan julle dinge, laat staan!" As die AME kerk se klok gelui het, dan sê hy: "Die klok klink nes ŉ blik vanmôre." En as die Engelse kerk se klok lui, dan sê hy: "Die klok sê tiekie, tiekie, tiekie."

Hy het ook altyd daarna verwys dat hy swaar aan die tou moet trek, terwyl die Sendingkerk se klok elektries gelui word. (Of dit so was, weet ek nie, maar dis wat hy gesê het.)

Die jare van klok lui het gemaak dat hy die klok so goed kon beheer dat hy hom soms gelui het dat hy op sy kop staan en dan weer terugval.

Die eerste keer wat ek as hoërskoolseun die klok gaan lui het, sê hy vir my toe ek klaar is: "Jy het die klok lank gelui, nou weet die hele dorp dat daar kerk is en almal sal kom."

**Die middernagdiens**

Die staaltjie onthou ek ook wat hy vertel het. Blykbaar was daar ŉ oom in die ouetehuis wat elke keer kerk toe gekom het as die klok lui, of dit ŉ diens, troue of begrafnis was, hy was daar en dan sit hy die hele diens deur en slaap.

Met ŉ middernagdiens is die oom toe weer kerk toe, net om aan die slaap te raak. Nou in daardie dae is die middernagdiens baie goed bygewoon. So word die name van almal wat die jaar gesterf het gelees, ŉ diaken sit die kerk se ligte vir die laaste minuut van die ou jaar af. Oom Ben staan gereed om die nuwe jaar in te lui. Die oom kom toe agter dat daar nou fout is. Hy vlieg op en roep kliphard uit: "Broer Ben, moenie die kerk sluit nie, ek is nog binne!" Op daardie oomblik lui die klok, die ligte word aangeskakel en daar sit die hele kerk nog vol mense.

(Terloops, van my mooiste herinneringe aan die kerk was juis die middernagdienste. Daardie wonderlike, amper heilige, laaste oomblik in die donker, wagtende in gebed om dan die jubelende klanke van die klok te hoor en te weet, ons stap die nuwe jaar tegemoet op ŉ blye noot.)

**Die orrel**

Omdat ek self ŉ orrelis is, het ek dikwels op die orrel gaan speel. Die eerste keer was toe mev. Kellerman, dr. Kellerman se eggenote, nog die orrelis was. Oom Ben was dikwels daar besig met takies in die kerk en keer op keer het hy my vertel dat die orrel eers onder in die kerk was en later galery toe geskuif is. Hy kon nooit verstaan as ek vir hom gesê het dat die orrel steeds onder in die kerk agter die preekstoel is en dat dit waar ek nou sit en die note druk, word ŉ speeltafel genoem.

**Die begraafplaas**

Oom Ben het mos antieke karre gery en dikwels op pad begraafplaas toe het hy eers by ouma Drieka de Bod se huis in Buitekantstraat gestop vir ‘n trekseltjie koffie. (Daardie jare het die begraafplaas onder die kerk geval en was hy daarvoor verantwoordelik.) Dikwels het hy my saamgenooi en soos ons van graf na graf gestap het, kon hy jou vertel wie die persoon was, wat hulle gedoen het en interessanthede oor elkeen. (Ongelukkig kan ek nie meer al die detail onthou nie.)

**My van**

In al die jare wat ek hom geken het, kon hy nooit onthou dat my van Van Staden is nie. Hy het my altyd voorgestel as Johan Stander. Eers het ek hom reggehelp, later het ek dit maar gelos.

**Oujongkêrel**

As jy vir oom Ben gevra het waarom hy nooit getrou het nie, het hy altyd gesê dat hy sy stiefma opgepas het tot haar dood en 2 vrouens sou nie deug in dieselfde kombuis nie.

Ouma het vertel dat hy ʼn baie aantreklike jong man was en dat die meisies eintlik gaande oor hom was.

Ek sien baie daarna uit om sy verhaal te lees. Hierdie is maar ʼn paar herinneringe wat ek steeds van hom koester.

--oOo—